:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF.

DEEL XVIII. No. 3 DESEMBER. 1950.

## IN MEMORIAM: PROF. DR. F. POSTMA.

Op 4 November 1950 het die Here uit ons midde vrywel onverwags van ons weggeneem die hoof en vader van die P.U.K. vir C.H.O.

Sy lewe was ryk aan die genade van God. Aan hom is groot en heerlike gawes van hoof, hart en hand gegee. Sy lewe was 'n wedloop om met die gawes die eer van onse God te soek, ook deur die werk van ons inrigting.

Aan sy weduwee, kinders, familiebetrekkinge ook die innigste deelneming van die Direksie en Redaksie en Lede van „Koers."

In die uitgawe van Februarie 1951 sal ons D.V. 'n persoonskets van ons heengegane rektor plaas.

Namens Direksie en Redaksie.

J. CHR. COETZEE (Voorsitter).